LIBERTY

Own your life

# Die BRICS-geleentheid

## Wêreldwye ekonomiese nuus: Julie 2011

**Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome**

Suid-Afrika se insluiting in die BRICS-forum bied vir sowel die land as die Afrika-kontinent ‘n noodsaaklike geleentheid.

Suid-Afrika is na die derde jaarlikse BRIC (Brasilië, Rusland, Indië en China)-beraad genooi wat op 14 April 2011 in China gehou is.

Die formele insluiting van Suid-Afrika het die naamverandering meegebring van BRIC na BRICS. Die organisasie het nog nie ‘n sekretariaat gevorm of as ‘n formele internasionale organisasie gefunksioneer nie. Indien BRICS wêreldwye kwessies op ‘n tasbare en praktiese wyse wil hanteer, sal ‘n uitvoerende liggaam vir gekoördineerde optrede waarskynlik vereis word, wat vermoedelik in die komende maande tot stand sal kom.

Die vergadering in April is bygewoon deur: President Hu Jintao (China); President Rousseff (Brasilië); President Medvedev (Rusland); Premier Singh (Indië) en President Zuma (Suid Afrika). Die doel van die vergadering was om in diepte menings uit te ruil oor ‘n wye verskeidenheid kwessies, insluitend die stand van die wêreldwye ekonomie in die nasleep van die internasionale finansiële krisis, asook om verdere gebiede van samewerking tussen die BRIC-lande te definieer. Sedert die vergadering in April het BRICS kommentaar gelewer oor verskeie aktuele sake, insluitend die politieke onrus in Noord-Afrika en die aanstelling van ‘n nuwe hoof vir die IMF.

### Hoekom Suid-Afrika genooi is

Sommige ontleders en kommentators was verbaas oor die uitnodiging aan Suid-Afrika om by die BRIC-groepering aan te sluit en die rede wat hulle aangevoer het, was dat Suid-Afrika maar die 12de grootste opkomende ekonomie is en daarom nie die aangewese keuse is om hom by ‘n groep aan te sluit wat uit die vier grootste opkomende ekonomieë bestaan nie. Met die eerste oogopslag sou Indonesië die mees logiese kandidaat gewees het, aangesien dit ‘n groot bevolking van meer as 250 miljoen mense het, met ‘n ekonomie wat teen ‘n koers van meer as 6% groei. In verhouding daarmee het Suid-Afrika sowat 50 miljoen mense en groei die ekonomie teen net 3%.

Suid-Afrika se insluiting by die beraad dui egter op ‘n belangrike evolusie wat BRICS ondergaan het, na ‘n organisasie wat Asië, Europa, Afrika en Amerika insluit. Hierdie breë verteenwoordiging versterk die stem en die belangrikheid van opkomende markte en dit gee ‘n hupstoot aan die invloed van opkomende ekonomieë binne die wêreldekonomie.

### Afrika se poort

Suid-Afrika word beskou as die poort na Sub-Sahara Afrika en is ‘n streekleier in terme van minerale en industriële opbrengs, die opwekking van elektrisiteit, infrastruktuur en verfynde finansiële markte en

diensnywerhede. Om toegang tot die BRICS-forum te hê, gee aan Suid-Afrika die geleentheid om die Sub-Sahara ontwikkelingskwessies van Afrika te bevorder en om Suid-Afrika as ‘n beleggingsbestemming in eie reg te bevorder.

In onlangse jare het ontwikkelinge in talle Afrika-ekonomieë suid van die Sahara die aandag van internasionale beleggers getrek, waarvan die eerste die einde van apartheid in Suid-Afrika was. Sedertdien het baie lande hervormings onderneem wat deur die IMF en die Wêreldbank ondersteun is en wat skuldverligting uit die amptelike gemeenskap aangemoedig het.

## Sub-Sahara Afrika groei as ‘n sleutelmark

Ekonomiese groei in Afrika suid van die Sahara het in die afgelope dekade meetbaar toegeneem. In ‘n aantal lande het finansiële situasies verbeter, hoewel die vertonings van die streek wyd uiteenlopend is.

Die groei in die streek as ‘n geheel het in die vyfjaar-tydperk tussen 2004 en 2008 op ‘n gemiddeld van 6.5% gestaan. In 2010 het die streek met sowat 5% gegroei. In 2011 sal groei na verwagting met 5.5% toeneem en in 2012 met 5.9%. Die saamgestelde lopende rekening vir die streek het van ‘n tekort van 2.9% van die BBP (bruto binnelandse produk) in 2003 geswaai na ‘n surplus in elk van die drie aanloopjare tot die ekonomiese insinking.

Hulpbronryke lande in sub-Sahara Afrika het ‘n toenemende invloei van regstreekse buitelandse beleggings getrek en daar word met hernieude ywer gepoog om toegang te kry tot internasionale kapitaalmarkte en ontwikkelende plaaslike markte. Naas Suid-Afrika het verskeie lande, onder meer Ghana, Gabon en Senegal, nou formele kredietgraderings en het oor die afgelope paar jaar internasionale verbande uitgereik. Ander, soos Nigerië, Tanzanië en Zambië, oorweeg om in die nabye toekoms die markte te tap.

## Uitdagings en geleenthede

Daar is egter steeds talle uitdagings, soos byvoorbeeld om staatsbestuur te verbeter, armoede en werkloosheid te verlig, openbare finansiële bestuur te versterk en infrastruktuur te verbeter. Om hierdie kwessies aan te pak, is noodsaaklik vir hoër lewenstandaarde, om na ‘n hoër groeipad te beweeg en om meer buitelandse beleggings te trek.

Dit is duidelik dat, hoewel die insluiting van Suid-Afrika in die BRICS-meganisme nog in sy kinderskoene is, die verhouding verder versterk sal word mits Afrika voortbeur op die pad na ekonomiese integrasie op streeksvlak. Dit sal geleenthede skep vir meer regstreekse buitelandse beleggings en die uitbreiding van handelsbetrekkinge.

## BRICS word ‘n vooraanstaande internasionela organisasie

Lidlande van BRICS is op die oomblik verantwoordelik vir 18% van die wêreld se BBP en oor die afgelope 10 jaar het die handelsvolumes tussen die lande met ‘n gemiddeld van 28% toegeneem. Na verwagting sal die gesamentlike opbrengs van die BRICS-lande dié van die VSA teen 2015 verbysteek wanneer die totale waarde van hul BBP 22% van die wêreld se totaal sal uitmaak.

BRICS is reeds ‘n weerspieëling van die groeiende belangrikheid van ontwikkelende lande in die wêreldekonomie. Die organisasie word vinnig ‘n bepalende krag wat die nuwe internasionale politieke en ekonomiese orde vorm – nie net danksy die lidlande se indrukwekkende groeikoerse van die verlede nie, maar ook vanweë hul groot potensiaal in komende dekades. Die organisasie sal waarskynlik al hoe meer bekou word as ‘n belangrike dryfkrag in die wêreld se ekonomie, veral in terme van die aandrywing van die huidige wêreldwye ekonomiese herstel. Daar is reeds ‘n aantal ander opkomende ekonomieë wat lidmaatskap van BRICS nastreef.

Dit is te verwagte dat BRICS groter seggenskap en meer verteenwoordiging vir hulself en ander ontwikkelende lande sal begeer, oor kwessies wat op wêreldontwikkeling betrekking het. Hulle is nie van plan om ‘n nuwe ekonomiese stelsel te vestig om die huidige een te vervang nie. Wat hulle nastreef, is om saam te span om die huidige internasionale ekonomiese stelsel meer gebalanseerd, billik en volhoubaar te maak.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*